19 November 2023
Aanlyn Erediens

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 25:14-30 en 1 Tessalonisense 5
**Tema :** Verlore geleenthede,kans van 'n leeftyd , afwesigheid en verantwoordelikheid

## BROODJIES VIR DIE PAD

_
"Not knowing when the dawn will come
I open every door."
— Emily Dickinson, The Complete Poems of Emily Dickinson

"Our lives are defined by opportunities, even the ones we miss."
— Eric Roth, The Curious Case of Benjamin Button Screenplay

"It's so much darker when a light goes out than it would have been if it had never shone."
— John Steinbeck, The Winter of Our Discontent

"What would you risk dying for—and for whom—is perhaps the most profound question a person can ask themselves. The vast majority of people in modern society are able to pass their whole lives without ever having to answer that question, which is both an enormous blessing and a significant loss."
— Sebastian Junger, Tribe: On Homecoming and Belonging

"The salvation of this human world lies nowhere else than in the human heart, in the human power to reflect, in human meekness and human responsibility."
— Vaclav Havel

__"Of course I'll hurt you. Of course you'll hurt me. Of course we will hurt each other. But this is the very condition of existence. To become spring, means accepting the risk of winter. To become presence, means accepting the risk of absence."
— Antoine de Saint-Exupéry, ANTOINE DE SAINT-EXUPERY - MAN

"The absence of evidence is not the evidence of absence."
— Carl Sagan, Cosmos

"Absence is to love as wind is to fire: it extinguishes the little flame, it fans the big."
— Umberto Eco

"Man is condemned to be free; because once thrown into the world, he is responsible for everything he does.
It is up to you to give [life] a meaning."
Jean-Paul Sartre, Existentialism and Human Emotions

"A wealthy person who never had to rely on help and resources from his community is leading a privileged life that falls way outside more than a million years of human experience. Financial independence can lead to isolation, and isolation can put people at a greatly increased risk of depression and suicide. This might be a fair trade for a generally wealthier society- but a trade it is."
— Sebastian Junger, Tribe: On Homecoming and Belonging

"Between stimulus and response there is a space. In that space is our power to choose our response. In our response lies our growth and our freedom."
— Viktor E. Frankl

"Those who wish even to focus on the problem of a Christian ethic are faced with an outrageous demand- from the outset they must give up, as inappropriate to this topic, the very two questions that led them to deal with the ethical problem: 'How can I be good?' and 'How can I do something good?' Instead they must ask the wholly other, completely different question: 'What is the will of God?"
— Dietrich Bonhoeffer, Ethics

"I think it's perfectly possible to explain how the universe came about without bringing God into it, but I don't know everything, and there may well be a God somewhere, hiding away. Actually, if he is keeping out of sight, it's because he's ashamed of his followers and all the cruelty and ignorance they're responsible for promoting in his name. If I were him, I'd want nothing to do with them."
— Philip Pullman

"[Taking initiative means] recognizing our responsibility to make things happen,"
— Stephen R. Covey, The 7 Habits of Highly Effective People

**Martie Retief-Meiring: Name, soos tye, vertel dus óók ’n storie**

Verby is die euforie, die vulkaniese uitbarsting van die woord “kant”, die spot oor die “vakansiedag”.
Ook verby die verdere patetiese uitinge van Fikile Mbalula en Julius Malema, en die groter golf van patriotiese, laggende skares om die Springbokke se triomfbus. En die veel groter beeld van gelukkige, laggende, hardlopende, oorstelpte kinders. Om wêreldkampioene te lewer – óns, die sukkelende, versukkelde land? Dit bly seker die grootste wonder.

Maar hoe het ons nie pret gehad met die name nie. Hoeveel Siyas gaan nou gedoop word? Vir seker sal daar ’n Oxhandré wees, Jesse Marie Kriel is al voorgestel en Elizabeta sal vir Eben Etzebeth verewig.

’n Onderbroek sal vir ewig ’n Faffie word. Daar sal nog baie Damiens kom en, natuurlik, Cheslins. Veral Cheslins. Wat is dit tog met ons en name? ’n

Bankmaatjie op skool destyds se naam was Jacobus Hercules Snyman. Ons het haar Kotie genoem. Sy is genoem na haar oupagrootjie wat in die Anglo-Boereoorlog ’n krygsgevangene was. Later sou ek Johanna¬ Greyling ontmoet, wat weer bekend was as Hansie¬ en later as Hans. Huh?

Daar was glo ’n tyd toe die name Ossewania¬ en selfs Kakebeenwania aan meisies gegee is. Die oorbekende en gevreesde veiligheidsbaas van die vorige bewind was as Langhendrik bekend. ’n Mens hoef nie eens sy van (Van den Berg) te noem nie, Langhendrik was genoeg. En hoeveel seuns met goeie gedoopte name het, en gaan steeds, deur die lewe met die naam Bakkies?

My tante Cissie se gedoopte name was, om liefdeswil, Gezina Waldpot. Haar paspoort se stempel: Gezina Waldpot Ferreira. Vanwaar, Gehasi?

Die bekende skrywende Louw-broers was, op die ry af: Nicolaas Petrus van Wyk; William Ewart Gladstone; Bismarck von Moltke. Gladstone¬? Bismarck?
’n Mens kan jou vergis met name. Self is ek skuldig aan die gee van vier name vir my dogter, maar sy sal altyd aan ’n onhebbelike bynaam bekend wees. Die keuse vir ’n naam vir ’n komende baba kan groot spanning veroorsaak. Veral grootouers raak iesegrimmig as daar nie by tradisie gehou word nie – ouma se naam vir die eerste dogter en oupa se naam vir die eerste seun. Hoeveel Susannas, hoeveel Johannesse vereer nie grootouers nie.

Maar as oupa se naam Elisa Petrus is? Hy word gewoonlik Piet en die “Elisa” sal later net op die begrafnisbriefie weer verskyn.

Navorsing toon dat Mohammad die gewildste manlike naam is en Maria die gewildste vroulike naam in die ganse wêreld. Hoe op aarde het hierdie, myns insiens, regverdige verdeling in die twee grootste gelowe gebeur? Dalk ’n versoeningsboodskap aan die wêreld?

Onder baie Afrikaanssprekendes is die naam Thabo al van toet af bekend. Oupas het tyd en dae hul kleindogters Meidjie genoem en ek het ’n Mabel geken wat beter bekend was as Mabalel¬. Name, soos tye, vertel dus óók ’n storie.

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Geestelike waardes: Is die tyd waarin ons leef sleg of is die mense boos?**

‘Die tye is boos, die tye is onstuimig. Dit is wat die mense sê.” Aan die woord is Augustinus, die invloedryke kerkvader van Noord-Afrika (354-430). Hy spreek dié woorde uit teen die einde van ’n preek oor gebed (opgeneem as preek 80 in die bundel Saint Augustine: Essential Sermons).

Augustinus se woorde is seker waar van enige era in die geskiedenis. Tog kan sommige mense dalk voel dat dit op ’n besondere wyse op ons dag en samelewing van toepassing is. Hoor ons nie toenemend mense sê dat ons in ’n ontaarde en donker tyd leef nie? En dink ons te midde van kwellende maatskaplike en politieke probleme, wêreldwye politieke onrus en oorloë en ’n groeiende soort gemeenskaplike angs en neerslagtigheid nie dalk self ook dat die tye sleg en moeisaam geword het nie?

Kenners van Augustinus se werk meen dat hy in alle waarskynlikheid hierdie preek in die jaar 410 gelewer het. Dit is die jaar waarin Rome binnegeval en geplunder word. Die “ewige Rome” lê in puin. Ook vir Augustinus en sy gemeenskap (as deel van die Romeinse Ryk) was dit ’n uiters traumatiese gebeurtenis wat ’n beslissende uitwerking op hulle verstaan van die wêreld, God en hul geloof gehad het. Augustinus se voortgaande werk as biskop en teoloog moet dan ook teen die agtergrond van hierdie aardskuddende gebeurtenis verstaan word.

Die wyse waarop Augustinus daarmee geworstel het, dien waarskynlik as ’n belangrike rede waarom mense in ander tydperke tydens krisistye by sy denke aanklank gevind het. Soos die filosoof Martin Versfeld byvoorbeeld in sy boek St Augustine’s Confessions and

City of God (1990) skryf: "His soul was dying: so is ours. His Rome was collapsing: so is ours . . . He saw as clearly as man ever did the alternatives that govern history: man as a utility in the service of Mammon, and man as a person before God."

Maar wat is Augustinus se boodskap aan sy hoorders, gegewe die krisis en ontwrigting van hul dag?
Ná sy opmerking dat die mense sê dat die tye boos is, vervolg hy op betekenisvolle wyse: "Laat ons goeie lewens lei; dan sal die tye goed wees. Óns is die tye. Soos wat ons is, só sal die tye wees . . . Dit is slegte mense wat die wêreld sleg maak."

Augustinus se gevolgtrekking is dus duidelik, en dalk ook 'n woord vir ons dag: Dit is nie die historiese omstandighede as sodanig wat 'n bepaalde tydperk goed of boos maak nie, maar eerder hoe ménse daarmee omgaan.

Óns is die tye. – RRV
*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*